

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAAN SA GRAAN SA	DATUM	DATUM		+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE	
	2016/12/07	2016/12/06		2016/11/28		2016/11/07		2015/12/07	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%
DJIA-index	19252	35.54 ↑	0.2%	19216	0.5%	19152	7.6%	17888	8.6%
Goud (Spot)	1169.42	-3.71 ↓	-0.3%	1173.13	-1.9%	1192.38	-9.5%	1292.61	8.9%
Brent \$/vat	53.60	-0.91 ↓	-1.7%	54.51	13.6%	47.18	16.5%	46.02	30.9%
1 € / US\$	1.0721	-0.005 ↓	-0.4%	1.0768	0.6%	1.0662	-3.2%	1.1071	-1.2%
1 US\$ / ZAR	13.66	0.070 ↑	0.5%	13.59	-2.4%	13.99	0.7%	13.57	-5.9%
Corn	R 1,887.56	-28 ↓	-1.5%	R 1,915.33	*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec Sept 12:00 the previous day				
Wheat	R 1,952.47	-85 ↓	-4.2%	R 2,037.34	* CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day				
Soybeans	R 5,255.09	22 ↑	0.4%	R 5,233.16	* CBOT Soy Jan cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jan 12:00 the previous day				
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)									
Corn Dec 16	351.00	-7.00 ↓	-2.0%	358.00	1%	349.00	1%	348.00	-11%
Wheat Dec 16	389.00	-19.00 ↓	-4.7%	408.00	-2%	395.00	-6%	414.00	-25%
Soybeans Nov 16	1047.00	-1.00 ↓	-0.1%	1048.00	0%	1046.00	7%	981.00	16%
Latest MTM prices (Recorded between 07:00 am - 08:00 am on the last two dates) SPOT = nearest contract month (Rands / tonne)									
SORGHUM Jul '17	3416.00	0.00 ↑	0.0%	3416.00	0.0%	3416.00	0.0%	3416.00	NA
WMAZ Spot	4010.00	-120.00 ↓	-2.9%	4130.00	-2.2%	4099.00	11.1%	3609.00	12.6%
WMAZ Mar 17	3755.00	-130.00 ↓	-3.3%	3885.00	-5.3%	3966.00	7.9%	3480.00	4.8%
WMAZ Jul 17	2630.00	50.00 ↑	1.9%	2580.00	0.6%	2614.00	-0.6%	2645.00	-26.1%
YMAZ Spot	3226.00	-6.00 ↓	-0.2%	3232.00	-2.8%	3320.00	3.2%	3127.00	-6.8%
YMAZ Mar 17	3104.00	-43.00 ↓	-1.4%	3147.00	-4.2%	3241.00	2.6%	3024.00	-8.8%
YMAZ Jul 17	2581.00	47.00 ↑	1.9%	2534.00	0.2%	2577.00	1.4%	2546.00	-18.5%
SOY Spot	6590.00	40.00 ↑	0.6%	6550.00	0.6%	6550.00	6.3%	6200.00	8.4%
SOY May 17	6149.00	-71.00 ↓	-1.1%	6220.00	-1.0%	6211.00	0.7%	6108.00	9.2%
SUN Spot	5830.00	-80.00 ↓	-1.4%	5910.00	0.0%	5830.00	-5.8%	6186.00	-17.4%
SUN May 17	5990.00	-60.00 ↓	-1.0%	6050.00	0.7%	5950.00	1.5%	5900.00	3.2%
WHEAT Spot	3808.00	-45.00 ↓	-1.2%	3853.00	-3.5%	3945.00	-3.1%	3928.00	-18.4%
WHEAT May 17	4030.00	-40.00 ↓	-1.0%	4070.00	-2.3%	4126.00	-1.6%	4097.00	-14.4%

NUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Mark: Die rand verhandel rondom R13.66/\$ vanoggend, effens swakker as die R13.59/\$ van gister-middag 12:00. Dit lyk of die rand eers weer redelik stabiel verhandel teen hierdie vlakke nadat SA die afgraderings na rommelstatus ontdek het deur die drie groot graderingsagentskappe. Daar is egter steeds baie onsekerhede in die plaaslike en die internasionale ekonomie wat steeds 'n groot impak op die waarde van die rand kan hê. Die groot bewegings in die wisselkoers wat die afgelope jaar gesien was het as 'n goeie aanduiding van die onsekerheid en die volatilititeit in die wisselkoers. Die Suid Afrikaanse ekonomiese groei syfers is steeds onder druk en die groei syfers vir die derde kwartaal van 2016 soos bekend gestel deur Statistiek SA is 0.2% groei kwartaal op kwartaal. Dit is noemenswaardig laer as die 3.3% groei wat getoon was in die 2de kwartaal van 2016. Die ekonomiese groei vooruitsigte vir 2017 lyk egter beter en die verwagtinge is dat die groei vlakke vir 2017 1.4% kan haal. Ekonomiese groei vir SA is van kardinale belang om die ekonomie te stabiliseer en die hoë werkloosheidsvlakke te beperk.

Mielies: Die VSA mieliepryse het gister effens sterker gesluit na die uitvoerverkope na Suid Korea wat gerapporteer is. Die weeklikse uitvoer inspeksies Maandag het goeie uitvoersyfers getoon wat 39% hoër is as verlede week en dit het die mark sterk ondersteun. Die VSA het 'n rekord mielieoese hierdie jaar en dus groot voorraadvlakke. Die VSA sal afhanklik wees van goeie uitvoere om die druk op die pryse te verlig wat geskep word deur die groot plaaslike voorrade. Die nuutste USDA se maandelikse produksieverslag word Vrydag bekend gestel en die verwagtinge is dat daar 'n effense toename in die eindvoorraad kan wees vanaf die November skatting. Daar word ook verwag dat die Argentynse produksie skatting effens laer behoort te wees en die Brasiliaanse produksievooruitsigte effens hoër. Daar is steeds bekommernisse van die ongunstige weer in Argentinië wat die aanplantings vertraag het. Die Brasiliaanse Nasionale Graan Assosiasie se voorspelling is dat die Brasiliaanse mielieuitvoere vir 2017, 30 miljoen ton kan wees in vergelyking met die 18.5 miljoen van 2016. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliepryse het gister gemeng verhandel met die ou seisoen naby maand kontrakte wat laer gesluit het terwyl die nuwe seisoen kontrakte ondersteuning gevind het en effens hoër gesluit het. Die Departement van Landbou het aangekondig dat die mark vir die Amerikaanse GMO mielies nou wel oopgestel is, maar hierdie invoere gaan streng gemonitor word en moet volgens die protokol verhandel. Die invoere vir die seisoen tot dusver vorder goed en die WM invoere vir die week was 41 868 ton. Dit bring die totale invoere vir die seisoen tot op 595 489 ton wat sowat 63% van die totale invoerbehoefte vir SA is. Die YM invoere vir die week was 51 511 ton wat die totale invoere vir die seisoen tot op 1.038 miljoen ton bring. Dit is om en by 50% van die totale invoerbehoefte. Die nuwe seisoen pryse behoort steeds volatiel te wees en sensitief teenoor die weersomstandighede veral in die westelike dele van die land. Hoë temperature en sterk winde kan nadelig wees vir die jong plante.

Sojabone: Die VSA sojaboonpryse het gister om en by 4 sent sterker gesluit nadat dit omtrent 17 sent sterker verhandel het vroeër. Die sterker pryse is as gevolg van die twee uitvoerverkope wat gerapporteer was, wat gunstig vir die pryse is. Die onlangse versterking in die pryse het dit meer gunstig gemaak vir produsente om te verkoop en meer nuwe seisoen produsente verkope was gesien. Die mark is ondersteun deur ander buitemarkte. Die Maleisiese palmolie markte verhandel teen 'n 4 jaar hoogtepunt as gevolg van die daling in produksie wat gerapporteer is. Die Chinese sojaboonmark het ook skerp hoër verhandel met om en by 10% verlede week. Die Brasiliaanse sojaboonproduksie lyk tans goed en die moontlikheid van goeie oeste is baie waarskynlik. Die stropery in Brasilië behoort oor 'n maand te begin. In Argentinië behoort die sojaboon stropery eers oor sowat 3 maande te begin met die ongunstige weer wat die aanplantings vertraag het. Die verwagtinge is dat die Brasiliaanse uitvoere vir 2017 60 miljoen ton kan bereik in vergelyking met die 51 miljoen ton van 2016. Die verwagtinge is dat die VSA eindvoorraad effens laer aangepas behoort te word in die nuutste USDA se maandelikse verslag wat Vrydag bekend gemaak word. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister gemeng verhandel. Die ou seisoen naby maandpryse het gister effens sterker verhandel, terwyl die nuwe seisoen kontrakte onder druk gekom het. Die plaaslike persmarges is steeds onder druk en die sterker rand is ook nie gunstig vir die plaaslike sojaboonpryse nie, alhoewel daar goeie ondersteuning uit die sterker internasionale pryse kom.

Koring: Die internasionale koringpryse is steeds onder druk en het meestal laer gesluit as gevolg van die groot globale voorraadvlakke wat die druk op die internasionale pryse hou. Statistiek Kanada het in 'n verslag aangekondig dat hulle koringproduksie vir die seisoen 31.7 miljoen ton is wat 15% meer is as verlede seisoen. Verslae uit Australië toon dat hulle daar besig is om rekord produksies te verkry tensypte van die ongunstige weer wat laat in hulle groei seisoen gesien was. In die VSA lyk die winterkoring produksietoestande goed en die 6 - 10 dag weervoorspelling toon onder normale temperature en bo normale reënval vir die grootste dele van die land, behalwe in die suidelike pleine en die Suidweste. **Plaaslik:** Die plaaslike koringpryse het weereens gister onder druk gekom en het laer afgesluit. Die plaaslike koringpryse is steeds onder druk. Die kontrak volumes wat verhandel op Safex is laer as wat einde verlede maand gesien was toe die Desember kontrak volumes om en by 3 000 kontrakte per dag was. Geen weeklikse koring invoere is gerapporteer nie, terwyl daar uitvoere van 2 625 ton gerapporteer was.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za

Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur: Luan van der Walt/ Vir navrae, kontak: luan@grainsa.co.za